**HOëRSKOOL BRANDWAG**

**BESIGHEIDSTUDIES – GR. 11**

**KONTROLETOETS**

**2022**
**Eksaminator: Mnr. D.v.d. Mescht**

**Tyd: 1 uur**
**Punte: 100**

---

*Instruksies:*

1. Beantwoord Afdeling A,B en C op die foliopapier.
2. Doen slegs TWEE vrae in Afdeling B.
3. Doen slegs EEN vraag in Afdeling C.
4. Trek 'n **vertikale lyn** aan die **regterkant** van die folio waarop jy gaan antwoord.
5. Nommer vrae duidelik en skryf netjies asseblief.
6. ☺ Sterkte! ☺

---

## AFDELING A (20)

### VRAAG 1

***1.1 Kies slegs een van die moontlike antwoorde vir die volgende. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer.***

1.1.1 Watter een van die volgende is NIE 'n entrepreneurseienskap NIE:

a. Aanpasbaarheid
b. Uithouvermoë
c. Teruggetrokke
d. Innoverend

1.1.2 Wanneer 'n onderneming meer mag trek as die beskikbare fondse in hul rekening, staan dit bekend as

a. banklening
b. handelskrediet
c. skuldkapitaal
d. oortrokke bankrekening

1.1.3 Die volgende vertoon 'n proses of 'n prosedure aan:

a. Vloeidiagram
b. Sirkelgrafiek
c. Organogram
d. Lyngrafiek

1.1.4 Watter een is NIE 'n riglyn wanneer plakkate opgestel word NIE:

a. Volsinne
b. Helder kleure
c. Prente
d. Opskrifte

1.1.5 'n Faktor wat oorweeg moet word tydens die ontwerp van 'n aanbieding:

a. Inleiding, liggaam en slot
b. Hou oogkontak
c. Praat hoorbaar
d. Stemtoon en tempo (10)

***1.2 Pas kolom A by kolom B deur die korrekte letter langs die nommer te skryf:*** **(10)**

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 | Tabelle | A. 'n Groot blok papier wat gebind is |
| 1.2.2 | Grafieke | B. Dit is effektieftief as hulle uitstaan en aandag trek |
| 1.2.3 | Diagramme | C. Nuttig om terugvoer van nuwe idees vas te lê |
| 1.2.4 | Plakkate | D. 'n Versameling bladsye wat in 'n volgorde gerangskik is en teks en beelde bevat om aan 'n gehoor voor te stel |
| 1.2.5 | Uitdeelstukke | E. 'n Stel feite wat stelselmatig vertoon word, veral in kolomme |
| | | F. 'n Tekening wat die werking van data in 'n skematiese voorstelling toon |
| | | G. Visuele illustrasies om inligting op 'n duidelike en bondige manier te verskaf |
| | | H. Dit word gewoonlik vir groot gehore gebruik |
| | | I . Gedrukte inligting wat aan die gehoor verskaf word om 'n aanbieding te vergesel |
| | | J. Sluit in kaarte en fotos |

(10)

---

## AFDELING B (40)

***Doen slegs TWEE vrae in hierdie afdeling.***

**VRAAG 2 (Entrepreneurseienskappe en besigheidsplan omskep in aksieplan)**

2.1

John het drie jaar gelede sy besigheid gestig, met al die kapitaal wat hy al vir lank gespaar het. Hy het 'n baie unieke rekenaarspeletjie ontwerp en verkoop. Aanvanklik het hy nie so baie wins gemaak as wat hy gehoop het nie, maar hy het voortgegaan met die besigheid. Vandag is hy nie spyt nie en maak hope geld.

2.1.1 Identifiseer drie van John se entrepreneurseienskappe en motiveer jou antwoord deur uit die bogenoemde scenario aan te haal. (9)

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 2.1.1 te beantwoord

| ENTREPRENEURSEIENSKAP | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

2.2 Lig die stappe/fases uit om te volg by die opstel van 'n aksieplan. (5)

2.3 Verduidelik drie redes hoekom Gantt – kaarte belangrik is. (6)

**[20]**

**ÒF**

**VRAAG 3 (Stigting van 'n besigheid en Aanbiedings)**

3.1 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

| JANNIE HANDELAARS (JH) |
|---|
| Jannie het ekstra kapitaal nodig gehad om sy besigheid te begin. Hy het meer getrek as wat hy in sy besigheidsbankrekening gedeponeer het. Hy het 'n welgestelde entrepreneur genader om sy besigheid te finansier in ruil vir 'n aandeel in sy besigheid. Die munisipaliteit (regering) het ook aangebied om Jannie te ondersteun met sy besigheid. |

3.1.1 Identifiseer DRIE bronne van befondsing wat deur Jannie gebruik word. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (9)

Gebruik die tabel hieronder as 'n GIDS om VRAAG 3.1.1 te beantwoord

| BRONNE VAN BEFONDSING | MOTIVERING |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

3.2 Lig ANDER faktore uit wat in ag geneem moet word voordat u met 'n onderneming begin. (5)

3.3 Verduidelik besigheidsverslae as 'n tipe geskrewe inligitng. (6)

**[20]**

**ÒF**

**VRAAG 4 (Diverse onderwerpe)**

4.1 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

| KENNIE HANDELAARS (KH) |
|---|
| Kennie Handelaars lok beleggers wat die besigheid in staat stel om sy aktiwiteite uit te brei. Die bestuur van KH betrek belanghebbendes by gesamentlike besluitneming. Hulle voldoen ook aan die behoeftes van hul verbruikers en lewer goeie diens. Die bestuur van KH sukkel om hul uitgawes laag te hou. Sommige van KH se produkte is soortgelyk aan Bennie Handelaars produkte. |

4.1.1 Identifiseer KH se DRIE sleutelsuksesfaktore. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (9)

Gebruik die onderstaande tabel as 'n GIDS om VRAAG 4.1.1 te beantwoord:

| BELANGRIKE SUKSESFAKTORE | MOTIVERING |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

(9)

4.2 Lig die werkverdelingstruktuur (WVS) se stappe uit. (5)

4.3 Verduidelik enige drie redes hoekom 'n aksieplan belangrik is. (6)
**[20]**

---

## AFDELING C (40)

***Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.***

**VRAAG 5**

Besighede doen verskeie projekte wat behoorlike beplanning en koördinering van aktiwiteite vereis. Besigheid moet goed vertroud wees met die projekbeplanningstappe en die belangrikheid van tydlyne. Hulle moet ook weet hoe om 'n Gantt-grafiek op te stel.

- Brei uit oor die betekenis van projekbeplanning
- Verduidelik die projekbeplanningstappe
- Bespreek die belangrikheid van tydlyne
- Adviseer besighede oor hoe om 'n Gantt-kaart op te stel

[40]

**ÒF**

**VRAAG 6**

Die bemarkingsbestuurder van Small Business wil die werknemers inlig oor die belangrikheid van bemarking. Gee hom raad oor die volgende aspekte wat in ag geneem word wanneer sake-inligting aangebied word:

- Lig die verskille uit tussen verbale en nie – verbale aanbiedings
- Bespreek die faktore wat in ag geneem moet word met die voorbereiding/ontwerp van 'n aanbieding
- Verduidelik die hantering van terugvoer op 'n professionele manier na die aanbeiding
- Adviseer die faktore wat in ag geneem moet word by die opstel van 'n pamflet/strooibiljet [40]

**TOTAAL: [100]**